## Boeke vir die Hoërskool

Van die uitgewers *Pergamon Press* het *Historia* 'n drietal boeke ontvang. Hoewel hierdie boeke in die eerste instansie geskryf is om aan die vereistes van die Britse onderwysprogram te voldoen, kan hierdie werke nietemin ook nuttig as aanvullende leesstof by die onderrig van die Algemene geskiedenis aan ons hoërskole gebruik word. Al drie boeke is in 'n eenvoudige en maklik verstaanbare taal geskryf.

Die eerste werk is dié van Sheila Jones, *A Student's History of Russia* (pp. XII, 221, R1.85, 1966). Hierin word 'n oorsigtelike beeld van die geskiedenis van Rusland vanaf die vroegste tye tot aan die begin van die sestigerjare van die twintigste eeu gegee. Die werk is in vier afdelings ingedeel, nl. *The Foundation of the Russian State, The Great Romanovs, Nineteenth-century Russia* en *The Communist Era.* Aan die lg. afdeling word uit die aard van die saak, meer aandag as aan die voorafgaande afdelings bestee. Hoewel die behandeling van Rusland se interne geskiedenis vooropgestel word, word daar ook aandag bestee aan Rusland se buitelandse beleid, sy rol in die Europese en internasionale politiek.

'n Volgende werk is dié van S. Hopewell, *Europe from Revolution to Dictatorship* (pp. IX, 301, R1.50 (slapband), 1967). In hierdie werk word die geskiedenis van Europa vanaf die uitbreek van die Franse Rewolusie tot 1965 behandel. Twee hoofstukke word gewy aan die geskiedenis van die V.S.A. in die 19de en 20ste eeu onderskeidelik, terwyl die geskiedenis van China en Japan ewe-eens in 'n aparte hoofstuk behandel word. As aanhangsel tot die werk is bygevoeg 'n skematiese uiteensetting van die Amerikaanse, die Chinese en Russiese regeringsvorms, asook 'n lys van die bepalings van die belangrikste verdrae en alliansies wat in hierdie tydperk aangegaan is.

Hoewel dié werk nie veel meer as 'n breë oorsig van die tydperk onder behandeling is nie, is dit nietemin, 'n handige werk om leerlinge van 'n agtergrondskennis te voorsien. Die gebruik om hoofstukke in onderafdelings te verdeel, dra veel daartoe by om die hanteerbaarheid van die werk te vergemaklik.

'n Derde werk wat hier bygevoeg kan word, is dié van R. C. Birch, *Britain and Europe*, 1871-1939 (pp. XIII, 313, R2, 1966). Hierin het die skrywer hom ten doel gestel om die geskiedenis van Brittanje en Europa gelyktydig in een boek te behandel. In hoofsaak gaan dit om die politieke gebeure van hierdie jare, hoewel die sosiale en ekonomiese gebeure ook in die hoofbetoog ter sprake kom. Afsonderlike hoofstukke word gewy aan die interne ontwikkelings van dié state wat behandel word, die ontwikkeling van die Britse Ryk en internasionale aangeleenthede. Ook hierdie werk word op 'n maklik hanteerbare wyse aangebied.

W. A. Stals.

Ullman, W., *The Individual and Society in the Middle Ages.* Pp. 160, R3.00, Methuen & Co. Ltd., Londen, 1967.

Die middeleeue bly steeds een van die mees interessantste tydperke in die ontwikkeling van die westerse beskawing en in hierdie werk het Ullman daarin geslaag om sy gekose tema op so 'n wyse te behandel dat dit met lus gelees kan word. Hierdie werk het sy oorsprong gehad in drie lesings wat die skrywer gedurende 1965 by die Johns Hopkins Universiteit gelewer en daarna uitgebrei en te boek gestel het. As sentrale tema het dit betrekking op die burger gedurende die middeleeue. Hoewel daar reeds letterlik duisende werke oor die tydvak verskyn het, het Ullman daarin geslaag om 'n tema te vind wat selfs vandag nog die belangstelling van die student prikkel. Die kern tema van die werk is tweeledig, naamlik, eerstens die individu as

onderdaan wat onderwerp is aan die gevestigde gesag en tweedens dit ontwikkeling van die individu tot burgerskap en deelname aan die politieke proses.

In die eerste lesing word die vraag gestel waarom die individu gedurende die middeleeue nie as burger aanvaar is nie. Dit wil sê waarom die individu bloot as onderdaan gesien is sonder onafhanklike en basiese regte in die gemeenskap en sonder deelname aan die openbare lewe. Ten einde hierdie vraag te beantwoord, word ingegaan op die godsdienstige omstandighede wat gegeld het sowel as die opvattings oor die gemeenskapslewe. Daar word dan ook tot die gevolgtrekking gekom dat die individu gesien is as lid van 'n gemeenskap en dat die gesag in die gemeenskap berus. Die benadering was dus kollektiwisties van aard en daarom moes die individu hom aan die gesag in die gemeenskap onderwerp.

Die tweede lesing het betrekking op die meer praktiese aspekte en wel in besonder op die konstitusionele verhoudings wat tydens die feodale stelsel bestaan het. Daar word op die kloof gewys wat tussen onderdaan en owerheid bestaan het. Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat hierdie verhouding sy oorsprong gehad het in enersyds die feodale stelsel en die leenreg en andersyds die gedesentraliseerde aard van die administrasie van individuele belange. Ten regte word daar egter ook op gewys dat juis hierdie leenreg en die gebruike wat in die leenwese ontwikkel het, gedien het as grondslag vir die latere regte wat die individu aanspraak op sou maak.

In die slothoofstuk wys Ullman daarop dat die aanvaarding van die individu en sy besondere plek in die gemeenskap later op die voorgrond getree het. In die een opsig het dit voortgevloei uit die beklemtoning van die reg en die idee van die oppergesag van die reg. In 'n ander opsig het die politieke beskouings van Aristoteles en Aquinas wat mettertyd aanleiding gegee het tot die groot rol wat die Natuurreg gedurende die 18de en 19de eeu gespeel het, baie daartoe bygedra.

Hoewel daar vandag dikwels as gevolg van die oorheersende rol wat moderne politieke vraagstukke speel, 'n neiging is om die middeleeue te verwaarloos, het die skrywer daarin geslaag om weer eens die waarde van die studie van die middeleeue te beklemtoon. Die boek kan dan ook met vrymoedigheid aanbeveel word by diegene wat in die oorsprong en grondslag van die moderne westerse beskawing belangstel.

Die werk is goed versorg en met die nodige voetnotas en verwysings aangebied wat dit 'n nuttige naslaanwerk vir die student maak.

C. F. Nieuwoudt.

Germino, Dante, *Beyond Ideology, the Revival of Political Theory.* Pp. 254, Harper en Row, New York, 1967.

Die moderne staatkunde word gekenmerk deur enersyds 'n herlewing van 'n belangstelling in die klassieke en die middeleeuse staatsopvattings en -instellings en andersyds in die toepassing van die gedragsleer of die behaviourisme as benaderingswyse op staatkundige verskynsels. Indien daar kommentaar oor 'n krisis in die staatkunde gelewer moet word, sou dit waarskynlik opgesluit lê in die bedekte en dikwels openlike meningsverskil wat daar ten opsigte van hierdie benaderings bestaan. Die groep denkers wat die waardeleer beklemtoon, sien die vakgebied steeds in sy normatiewe verband. Hierteenoor is daar 'n nuwe skool waaronder veral die politieke-sosioloë betrek moet word wat die gedragsleer beklemtoon. In hierdie werk poog Germino om die verskil, maar ook die verband tussen hierdie twee benaderings te ontleed.

*Beyond Ideology* bestaan uit 'n tiental hoofstukke waarin die skrywer onder andere aandag gee aan die aard van politieke teorieë, dit wil sê die sogenaamde verval daarvan en as metode van ondersoek; die aanslag daarop of verwerping daarvan deur moderne

skrywers, dit wil sê die veronderstelde nuwe staatkunde wat verkondig word; die herlewing van staatsteorieë in die moderne tydvak — 'n eeu waarin ideologieë 'n oorheersende rol speel; en ten slotte die teenstelling tussen die behaviourisme in die geslote gemeenskap en die rol van staatsteorieë in die ope gemeenskap.

Germino het as tema gekies en gaan ook uit van die veronderstelling dat sedert die Tweede Wêreldoorlog daar bepaald 'n herlewing in die studie van staatsteorieë plaasgevind het. Hierdie nuwe belangstelling moet volgens hom daaraan toegeskryf word dat daar 'n algemene gevoel is dat die groot denkers vanaf Plato tot by Hegel nie verwaarloos moet word nie. Alhoewel daar gedurende die afgelope 150 jaar verskillende ideologiese en utopiese georiënteerde politieke strominge ontstaan het wat daartoe bygedra het dat politieke teorieë verwaarloos is, het denkende mense besef dat teorieë nie verontagsaam kan word nie. Voortspruitende hieruit het daar gevolglik 'n nuwe belangstelling ontstaan in die teoretiese grondslae van die moderne staat. Die uitgangspunt van die skrywer is dat staatsteorieë niks anders as kritiese staatkunde is nie en dat dit op die uitgangspunt berus dat die bestaan van die mens 'n empiriese feit is. Om hierdie rede verklaar hy dan ook dat die moderne staatkunde 'n voortsetting van die politieke wetenskap van die verlede is.

Die skrywer het dan ook bepaald daarin geslaag om in hierdie goedversorgde studie die aandag weer eens op die waarde en plek van staatsteorieë in die moderne staatkunde te plaas. Hiervoor verdien hy alle lof. In die eeu waarin ons leef, 'n eeu waarin die mens vinnig voortbeweeg op natuurwetenskaplike gebied, is dit goed om weer te besin. Trouens, dit is juis onder hierdie omstandighede broodnodig om weer eens die vraag te stel oor wat die basiese grondslae van die staat is. Hierin het Germino sy doel bereik want *Beyond Ideology* het reeds as sentrale tema die belangrikheid van normes en waardes in die gemeenskap. Die werk wat goed voorsien is met verwysings en 'n indeks, is dan ook 'n handige en nuttige studie wat met vrymoedigheid deur die ernstige student gebruik kan word. Die studie word dan ook aanbeveel by diegene wat in die teoretiese grondslae van die moderne staatkunde belangstel.

C. F. Nieuwoudt.

Hughes, H. Stuart, *The obstructed path. French social thought in the years of desperation* 1930-1960. Pp. XI, 305. Harper and Row, New York, 1968.

'n Amerikaanse historikus wat gaandeweg meer en meer aandag trek met sy werke oor die moderne geskiedenis van Europa en veral oor die Europese denke van die twintigste eeu, is prof. Hughes van die Universiteit van Harvard, skrywer van bogenoemde boek. Op meer historiese vlak het hy boeke geskryf soos *The United States and Italy* (1953) en *Contemporary Europe: A History* (1961), terwyl op meer teoretiese, geesteshistoriese gebied werke soos *Oswald Spengler: A critical estimate* (1952) en *Consciousness and Society* (1958) die lig gesien het.

In bogenoemde boek probeer die skrywer 'n ontleding te gee van die Franse denke gedurende 'n krisisperiode. In die tydvak, 1930-1960, het Frankryk 'n bewoë geskiedenis deurgemaak: depressie, opkoms van Nazi-Duitsland, oorlog en besetting, na-oorlogse probleme, die Algerynse krisis, prysgee van kolonies en so meer. Dit alles het die vooraanstaande denkers van Frankryk telkens uitgedaag tot 'n nuwe interpretasie en soms ook 'n nuwe oriëntasie. Hughes ontleed dan hulle werke teen die agtergrond van die geskiedenis. Hy doen dit op 'n helder wyse en gee die indruk van iemand wat met gesag praat en wat 'n diepgaande studie van sy onderwerp gemaak het.

Die werk het enigsins 'n biografiese karakter; telkens is dit 'n ondersoek in die werke van hierdie of daardie skrywer en 'n waardering van sy besondere bydrae op hierdie of daardie gebied. Vir dié doel deel hy hulle in groepe in. Die eerste groep is die historici en die onderhawige gedeelte dra die naam van *The historians and the social order.* Eintlik gaan hy sekere tendense na wat vanaf Jules Michelet af deurwerk oor Durkheim en Henri Berr tot die twee hooffigure van die tyd onder bespreking, Marc Bloch en Lucien Febvre; Bloch, besondere kenner van die Middeleeue, wat tydens die oorlog sy lewe inboet as lid van die *resistance* en Febvre, veral bekend vir sy bydrae tot die *Annales,* wat tot na die oorlog gespaar is om leiding te gee aan 'n jonger geslag historici. Vir iemand wat geïnteresseerd is in die moderne Franse historiografie, is hierdie eerste gedeelte van die boek besonder waardevol.

Maar ook die ander gedeeltes moet gelees word om 'n begrip van die onderwerp as eenheid te kry. Hulle is: *The Catholics and the human condition,* waar die wisselwerking tussen godsdiens en ongeloof in besonder ontleed word aan die hand van skrywers soos Jacques Maritain en Gabriel Marcel; *The quest for heroism* (Roger Martin du Gard, Georges Bernanos, Antoine de Saint-Exupéry, André Malraux en Charles de Gualle); *The marriage of phenomenology and Marxism* (Jean-Paul Sartre en Merleau-Ponty) en ten slotte *The way out* (Albert Camus, Teilhard de Chardin, en Claude Levi-Strauss). Dit is 'n besondere leesbare boek wat ook deur die nie-filosoof en die nie-historikus geniet kan word.

F. J. du T. Spies.

Murray, J. (intr.), *In Mid-Victorian Cape Town, letters from Miss Rutherford.* Pp. 167. 10 ill., R2.75. A. A. Balkema, Kaapstad, 1968.

Emma Rutherfoord is die dogter van baie welaf ouers in Kaapstad. Gevolglik gee haar briewe, wat die tydperk van 1852 tot 1856 beslaan, 'n heeltemal ander insig in die lewe in Kaapstad as wat ons gewoonlik van besoekers op deurreis kry. Hier is geen eerste indrukke, beskrywings van 'n losieshuis en kennismaak met lede van die bevolking nie. Inteendeel, dis nou tuinier en rose, 'n basaar en die verkoping van erwe aan Seepunt, van 'n nuwe naaimasjien en 'n kunsuitstalling, en 'n Kersfees wat nog nie gekommersiëliseerd is soos vandag die geval is nie.

Emma meld van die tekort aan arbeidskragte as gevolg van die goudontdekkings in Australië, en van die ekonomiese moeilikhede van die Kaap in die helfte van die vorige eeu. Amptenare se salarisse behoort lankal verhoog te word, self bestuur sy 'n huishouding van agt blankes en baie personeel op R20 per maand. Sy leer vreemde tale, soos Frans, Italiaans en Duits en sy volg lesse by Thomas Bowler.

Ons is getuie van 'n kinderpartytjie waarby sir George en lady Grey aanwesig is en ons bestyg saam met haar Tafelberg vir 'n piekniek. Daar is ook 'n banket waarby sy aansit, maar origens gaan Emma liewers perdry as om heeldag eetpartytjies by te woon. Dit beskou sy 'n vermorsing van tyd — 'n bewys van 'n selfstandige kyk op die lewe in 'n tyd waarin party jong mense nie veel anders doen as mekaar probeer besig hou en om te skinder van ander nie.

Geedurende 1853 en 1854 onderneem sy 'n reis na Engeland, waaroor sy baie lewendige briewe skryf. Sy reis saam met vier ander dames in een kajuit, wat in die dae as luuks beskou is. Vir die eerste keer sien sy 'n trein. Sy meld dat die pos-stoomvaart verbinding van Kaapstad met Engeland nie eintlik betalend is nie. Ons besef vandag nie meer hoe afhanklik die Kaap in die vorige eeu eintlik van Britse industriële produkte was nie!

Emma is uitgesproke ongunstig in haar oordeel oor die binnelandse blanke bevolking, hoewel sy nog nie eintlik die mense leer ken het nie. Sy is egter diep

godsdienstig en gee voorkeur aan die Hervormde geloof bo die Engelse kerk, omdat sy dit as baie suiwerder beskou.

Uiteindelik trou sy met Andrew Murray en vertrek sy na Bloemfontein, waar sy haar spoedig by veranderde omstandighede leer aanpas. Haar maklike aanpassingsvermoë maak haar 'n ideale predikantsvrou. Naderhand trek hulle na Worcester en Kaapstad en ten slotte vestig hulle hul permanent in Wellington.

Al hierdie briewe vorm aantreklike en boeiende leesstof. Die boek is bowendien uitstekend geëditeer en telkens word die algemene gebeure in 'n inleiding tot elke brief vermeld. Hoewel Emma se lewe en opvattings vandag weinig aantrekkingskrag vir jong vrouens het, is daar tog iets sprankelends in haar persoonlikheid wat telkens in die briewe merkbaar is.

Daar is 'n tiental reproduksies van potloodsketse deur Elizabeth Wayfield le Camp, uit die versameling van die Africanamuseum in Johannesburg.

Dis 'n baie aantreklike boek, netjies gebind en uitgegee, en dit lewer 'n belangrike bydrae tot ons kennis van die daaglikse lewe van Kaapstad in die vorige eeu.

F. G. E. Nilant.

Gutsche, Thelma, *The Microcosm.* Pp. 217, 56 ill., gekl. titelblad, kaarte. R4.50, Howard Timmins, Kaapstad, 1968.

Die storie neem 'n aanvang bo op Toverberg, die berg wat reeds op 'n afstand van twintig myl sigbaar is en, al kom 'n mens ook nader, onveranderd bly. Die Boesmans het graag op die Toverberg gewoon. Moeilikhede het begin toe die eerste veeboere hulle verskyning in hierdie gebied gemaak het. Die Boesmans kon nie onderskei tussen vee en wild nie, albei is gejag en geëet; die Boere weer het die Boesmans soos diere beskou, hoewel hulle moes toegee dat hulle 'n menslike vorm gehad het.

Die rol wat die natuurondersoekers en amateur-entoesiaste vervolgens gespeel het in die bekendstelling en die makmaak van die binneland, word dikwels onderskat. Dan kom die eerste amptenare: Gordon bereik die Oranjerivier in 1777. 'n Jaar later rig Van Plettenberg sy baken op: die verste punt wat hy gekom het. Eers Macartney verander die baken in 'n aanduiding van die Koloniale grens, wat nie oorskry mag word nie.

Moeilikhede met die Boesmans het aangehou en erger geword. Kol. Collins stel in 1809 'n ondersoek in en probeer om 'n oplossing te vind. Erasmus Smit stig 'n sendingstasie en behaal 'n mate van sukses, totdat Somerset die stasie sluit.

Inmiddels begin daar moeilikhede op die Oosgrens waar Bantoe en Britse Setlaars bots. Di. Faure en Andrew Murray stig 'n gemeente, daar is handel en 'n trekpad ontstaan. Toverberg is nou nie langer afgeleë nie en op 27 Januarie 1830 proklameer sir Lowry Cole die dorp wat na hom vernoem is: Colesberg. Dit ontwikkel tot 'n handelsmiddelpunt en 'n deurgangsplek na die binneland; ook Andrew Smith se belangrike ekspedisie in 1834 kom hier langs.

Daarna volg droogtes, kafferoorloë en die Groot Trek. In 1837 word F. Rawstone landdros, vyf jaar later word die Trans-Gariep ingelyf en in 1848 besoek sir Harry Smith dié deel van die wêreld. Die aandeel wat die Skotte in die ontwikkeling van die gebied gehad het, is aansienlik. Hoeveel invloed moet regter W. Menzies nie gehad het nie! Getrou het hierdie „kwaai ouw", soos die Hottentotte hom genoem het, met die rondgaande hof Colesberg besoek. Streng en deurtastend het hy opgetree en hy homself nie gespaar nie. Op die twintigste rondgaande hof sterf hy in Colesberg. Ook hierdie soort mense behoort tot die pioniers in ons geskiedenis.

Colesberg groei en word 'n middelpunt van hooglopende kerklike moeilikhede en perdewedrenne; dit word ook die belangrikste leweransier van perde vir troepe

tydens die Indiese muitery in 1857. Met 'n daling in wolpryse en na die aanhoudende droogte van 1860, is bankrotskappe aan die orde van die dag. Al middel om die moed nie heeltemal te verloor nie, is om telkens die plaaslike krieketklub nuwe lewe in te blaas en die aandag van die daaglikse beslommeringe af te lei.

Die vonds van die Eurekadiamant het voorlopig weinig indruk gemaak. Ons kry 'n baie grondige insig in die rol wat Arnot in die anneksasie van Griekwaland gespeel het. Eers na 1870 breek vir Colesberg voorspoed aan as gevolg van die vinnige ontwikkeling van die diamantvelde. Diamante is voorlopig net aan die oppervlakte gevind. Sodra die delwers op die harde blou grond kom, trek hulle na 'n ander plek. 'n Dronk Hottentot, Damon, vind „Colesberg koppie", die boonste deel van 'n vulkaniese pyp wat ryk aan diamante is. Die higiëniese toestand in die delwerskampe is gruwelik; daar is vervoerprobleme en die groot aantal osse wat daagliks daarlangs trek, was te veel vir die weiveld. Die Tweede Vryheidsoorlog volg en bring baie bitterheid.

In 1892 word skerwe van die Plettenbergbaken teruggevind en in 1905 aan die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad geskenk. In 1938 word die plek deur 'n monumentjie aangedui en tot Nasionale Monument verklaar.

Op saaklike manier, dikwels vol droë humor waartoe die pragtige taalgebruik hom uitstekend leen, word al hierdie gebeuternisse vir ons beskryf. Baie kleiner gebeurtenisse word bespreek en daar word gewys op die invloed wat hulle op die verder verloop van die geskiedenis gehad het, maar op die agtergrond bly altyd die besef: hoe min het, selfs in herinnering, van al hierdie mense met hul strewe, hoop, moeilikhede en teleurstellings oorgebly. 'n Mooi versameling plaaslike Africana is verwaarloos; selfs in die kerkhof kan die laaste rusplek van leidende persone uit die verlede nouliks teruggevind word.

Toverberg, waar ons begin het, is egter nog altyd daar. Die Verwoerddam bring nuwe moontlikhede, nuwe samewerking en 'n gesamentlike taal: Fanagalo. Ook die grootsheid van die landskap sal altyd bly. En ten slotte die mens met sy ideale en sy werkkrag. Toverberg staan vandag nie meer in 'n plaaslike omgewing nie, dit staan midde in 'n groot land: Suid-Afrika.

Daar is geen voetnote nie, maar in 'n naskrif van die skryfster word die geraadpleegde bronne uitvoerig aangedui. Daar is 'n lys van Afrikaanse woorde en 'n uitvoerige indeks. Die boek is 'n bewys dat noukeurige geskiedskrywing nie noodwendig „droog" hoef te wees nie. Hier is 'n skat van gegewens wat nie elders so gemaklik bymekaar aangetref word nie. Ons wens dat daar baie meer sulke studies van ons plattelandse dorpe en hul omgewing geskryf sal word.

F. G. E. Nilant.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Mathew, David, *Lord Acton and his times.* 70s, pp. 397. Eyre and Spottiswoode, Londen, 1968.

Pullan, Brian, *Crisis and change in the Venetian Economy in the 16th and 17th centuries.* 15s, pp. X, 212. Methuen and Co. Ltd., London, 1968. (University Paperback Original.)

Van Jaarsveld, F. A. en Van Wyk, Theo, *Nuwe geïllustreerde geskiedenis vir senior sertifikaat. Deel II, Algemene Geskiedenis.* Pp. 365. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1968.